## 17. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Jakob se droom – Genesis 27:41-28:22

Jakob moes van sy huis af vlug omdat hy sy pa, Isak, wat al oud en blind was, bedrieg het. Isak het gedink dat hy sy oudste seun, Esau, seën, maar hy het Jakob geseën omdat hy gemaak het of hy Esau is.

Toe Esau hiervan hoor, was hy so kwaad dat hy vir Jakob wou doodmaak. Daarom moes Jakob vlug.

Terwyl Jakob op pad was na Haran toe, het hy een aand teen sononder by 'n plek gekom waar hy kon slaap. Hy het sommer 'n klip vir 'n kopkussing gebruik. Hy het gedroom: Daar was 'n leer wat van die aarde af tot in die hemel gegaan het. Engele het met die leer op en af geklim. Die Here het aan die bopunt van die leer gestaan en vir Jakob gesê: "Ek is die Here, die God van jou oupa Abraham en jou pa Isak. Ek sal die grond waarop jy lê vir jou en jou kinders gee. Jou familie sal wees soos die stof van die aarde. Deur jou familie sal die hele wêreld My leer ken. Ek is by jou. Ek beskerm jou waar jy ook al gaan. Ek sal jou terugbring na hierdie land toe. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen soos ek belowe het."

Jakob het wakker geskrik en gesê: "Sowaar, die Here is op hierdie plek en ek het dit nooit besef nie!" Jakob was skoon verskrik. Hy het gesê: "Hierdie is 'n baie spesiale plek. Dit is die huis van God! Hier het ek die hemel se deur sien oopgaan!" Daardie oggend het Jakob die klip wat hy vir 'n kopkussing gebruik het, regop neergesit. Hy het bietjie olyfolie oor die klip gegooi omdat dit vir hom 'n spesiale herinnering aan die Here was. Hy het die plek Bet-El genoem. Dit beteken huis van God. Hy het die Here toe belowe: "Here, as U by my is en my beskerm op hierdie reis en vir my sorg sodat ek weer kan terugkom na my geboorteland, sal ek net U aanbid, geen ander god nie. Hierdie plek waar ek van U gedroom het, sal altyd vir my spesiaal wees. Ek belowe ek sal nooit vergeet dat dit U is wat vir my sorg nie, daarom sal ek 'n deel van my goed teruggee vir U."

## 17. Jakob se droom – Genesis 27:41-28:22

**Inleidende aktiwiteit:** Berei/bou 'n spesiale plek saam waar julle vanaand se storie gaan lees. (Dit kan bv 'n fort wees, tent opslaan, buite gaan sit op 'n kombers, ens.)

**Vrae:**

- Wat is van die maniere hoe ons spesiale tyd saam met God kan spandeer/hê?
- Het julle 'n spesiale plek waar julle tyd met God spandeer alleen?

In die storie vandag lees ons hoe Jakob 'n spesiale ontmoeting met God gehad het een aand. Onthou dat ons op enige plek en enige tyd vir God kan sê hoe lief ons Hom het.

Lees nou saam die Bybelstuk – Jakob se droom

**Vrae:**

1. Hoekom moes Jakob vlug? (Hy het sy pa, Isak, bedrieg en Esau wou hom doodmaak.)
2. Wat het Jakob in sy droom gesien? ('n Leer)
3. Van waar tot waar het die leer gegaan? (Tussen die hemel en die aarde.)
4. Wie was aan die ente van die trappe? (Jakob onder en God bo.)
5. Wie was op die trappe? (Engele)

**Aktiwiteit:** Kan julle die drie beloftes onthou wat God aan Jakob gemaak het? Kom ons kyk of ons dit kan uit 'act' om dit te kan onthou.

1. God het vir Jakob belowe Hy sal vir Jakob die land gee waarop hy geslaap het. (Maak asof julle met bakhande grond optel en dit druk teen julle bors vas.)
2. Jakob se nageslag (kinders, kleinkinders, agterkleinkinders, ens) sou soveel wees soos die stof van die aarde. (Beweeg julle hande van julle bors tot bokant julle koppe asof julle stof in die lug opgooi.)
3. God is by Jakob en sal hom nie in die steek laat nie. (Gryp 'n gesinslid se hand en hou dit vas.)

**Gebedsgids:**

- Loof God vir hoe groot Hy is en vertel Hom hoe lief jy vir Hom is.